

**4 September**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:81-104**

**Fokusgedeelte: Psalm 119:89-91**

### **God is vandag jou vastigheid**

Elke dag is ons deel van talle dinge wat voortdurend verander of onstabiel is. Een dag is ons gemoedstoestand vol kalmte en vrede en `n ander dag is ons beangs en ontsteld. Een dag tree iemand mooi teenoor jou op in die werksituasie en `n ander dag is dieselfde persoon baie ongeskik met jou. Ons omstandighede wissel ook voortdurend tussen aangename en onaangename tye.

Binne hierdie leefwêreld met sy voortdurende skommeling kom hierdie deel van Psalm 119 met heerlike nuus: God is ons vastigheid. Hy is van ewigheid en tot in ewigheid dieselfde – die volmaakte God. Hy is nie die slagoffer van wispulturige emosies of optrede nie. Omdat Hy God is, staan sy woorde ook vir altyd vas.

In die tye waarin ons leef word die Woord van God egter so dikwels beledig en gekritiseer. Daarteenoor roep ons graag saam met die gelowige digter uit: “U woord, Here, staan vir altyd vas in die hemel” (vers 89). God se woorde en beloftes is betroubaar en sy liefde vir sy kinders is onveranderlik. Vertrou vandag op God as die ware vastigheid in jou lewe.

Sien te midde van soveel wispulturigheid ook uit na die dag – die grootse dag – wanneer die ewige Koning, Jesus Christus, weer op die wolke van die hemel verskyn. Dan word soveel vastighede ook ons s`n – ons wat Hom met verlange verwag. Ons sal geen sonde meer hê nie. Ons sal onverganklike liggeme hê wat nooit weer siek sal word of afsterf nie. Ons sal geen swaarkry, nood of beproewing weer beleef nie. Dink vandag met sekerheid aan hierdie vaste toekoms.

*Sing: Psalm 33:6,7*

*Ds L du P van der Vyver (Silverton)*